# Hermeneutiese uitgangspunte in historiese-Jesus navorsing, Deel 1: Sosiaal-wetenskaplike vooronderstellings

**P A Geyser**
**Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

### Hermeneutical premises in historical Jesus research, Part 1: social-scientific presuppositions

***The aim of this article is to reflect on social-scientific theories, models and methods in historical Jesus research. The discussion focuses on five epistemological aspects. The first aspect is the social conditioning of the epistemological process. All knowledge is socially conditioned and perspectival in nature. The second aspect is the situational discourse of the interpreter and the object of investigation. The third aspect concerns the process of knowing where theories and models are discussed. Distinctions are drawn between paradigms, theories, models and methods. Heuristics is the fourth matter to be discussed. Three approaches are evaluated critically: deduction, induction and abduction. Fifthly, the world of the Bible will be considered as a pre-industrial and advanced agrarian society.***

## 1. INLEIDING

Die oogmerk met hierdie artikel is om sekere hermeneuties-metodologiese uitgangspunte van die historiese Jesus-navorsing krities-reflektief te bespreek. Hoewel dit in die algemene gang van die wetenskapteoretiese besinning oor die afgelope dekades aan die orde gestel is, het ons dit tog in besondere mate aan die historiese Jesus-ondersoek te danke dat die besinning oor teoretiese uitgangspunte uitgespel moes word. Ek neem in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

besonder enkele sosiaal-wetenskaplike aspekte oor teorieë, modelle en metodes onder die loep.

## 2. SOSIALE KONDISIONERING

Dit het vanselfsprekend geword in enige wetenskaplike besinning dat daar duidelikheid gekry moet word oor teorieë, modelle en metodes. In die Bybelwetenskap geld dieselfde vereistes. Alle teorieë, modelle en metodes word voorafgegaan deur bepaalde aannames. Ons het dit aan Rudolf Bultmann (1957:409-417) te danke dat dit in enige Bybelondersoek of interpretasie as aksioma geld dat vooronderstellinglose eksegese nie moontlik is nie. Om dit positief te stel: 'n mens werk met die uitgangspunt dat eksegese (soos enige ander wetenskaplike onderneming) toegelig en gelei word deur die vooronderstellings van eksegete en hulle wetenskapskring.

Daarom moet 'n mens stel dat vooronderstellings eintlik die hele kenproses voorafgaan. Dit het onontbeerlik geword dat vooronderstellings nie ontken sal word nie, maar juis geïdentifiseer, uitgeklaar en getoets word. Hierdie identifikasie en toetsing geskied vanuit 'n agterna perspektief nadat 'n bepaalde kenproses voltrek is en 'n bepaalde stel data ondersoek is. Dit geld uiteraard nie alleen eksegese en teologiese uitsprake nie, maar ook enige ander ondersoek. Agter alle ondersoeke is daar sosiologiese, antropologiese en psigologiese vooronderstellings. In die natuurwetenskappe is daar eiesoortige vooronderstellings. 'n Wetenskaplike ondersoek veronderstel interpretasie van data. Drie aspekte kan onderskei word: die interpreteerder, die saak wat geïnterpreteer word en die weg waarlangs die interpretasie geskied. Volgens John H Elliott (1993:36-59) kan 'n hele aantal sake wat die hermeneutiese onderneming betref, onderskei word. In hierdie artikel volg ek die raamwerk wat Elliott gebied het.

Die eerste hiervan is ongetwyfeld die *sosiale kondisionering* van die kenproses. Daar moet eenvoudig van die aanname uitgegaan word dat alle kennis sosiaal gekondisioneer en perspektiwies van aard is. Die kennissosiologie het vir ons hierdie insig gebring. Kennissosiologie bestudeer die sosiale kondisionering van die "werklikheid" (*the social construction of reality*). Berger [& Luckmann] (1967:3) formuleer hierdie uitgangspunt soos volg: "[I]n sofar as all human knowledge is developed, transmitted and maintained in social institutions, the sociology of knowledge must seek to understand the processes



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

by which this is done in such a way that a taken-for 'reality' congeals for the man in the street." Hierdie sosiale kondisionering geld wat die kennis van die interpreteerder betref, sowel as die omstandighede wat beide die saak wat ondersoek word en die metodes wat gebruik word, omkring. Dit beteken dat totale objektiwiteit ten opsigte van die ondersoeker, die objek wat ondersoek word en die metode(s) wat ingespan word, 'n mite is. "There is no such thing as 'immaculate perception'" (Carney 1975:1). Peter Berger [& Luckmann] (1967:4) praat van die *Seinsgebundenheit* ("the existential determination") van die menslike kenaktiwiteit en denke.

Interpreteerders en ook skrywers van tekste het altyd 'n baie spesifieke staanplek wat temporeel, psigologies, kultureel en sosiaal bepaald is. Hulle lewe in 'n baie spesifieke tydraamwerk; hulle openbaar bepaalde gesindhede; hulle druk hulleself in besondere kulturele kodes uit; hulle lewe in terme van spesifieke verhoudings. Al hierdie sake oefen 'n invloed uit op hulle persepsies van die werklikheid, waarneming van realiteite, hulle kommunikasie en hulle interaksies. Volgens die kennissosiologie is *die werklikheid* 'n sosiale konstruk. Dit wil sê, nie net die waarnemer is sosiaal gekondisioneerd nie, *die werklikheid* is die produk van 'n baie spesifieke sosiaal gekondisioneerde waarneming. Hierdie siening beteken dat outeurs kreatief gedink het oor die werklikheid om daaraan uitdrukking te probeer gee. Dit impliseer wel dat ('n) sodanige uitdrukking(s) gevorm is deur die begrensing van geskiedenis, van persoonlike en sosiale ervaring en deur die raamwerk van geloofwaardigheid wat skrywers met hulle gehoor deel. Mense het 'n herkoms en hulle staan in interpersoonlike verhoudings wat hulle groeps- en individuele interaksie beïnvloed. Dit is tog ondenkbaar dat daar sonder hierdie gedeelde sosiale en kulturele raamwerke enige kommunikasie kan plaasvind. Hiermee saam gaan derhalwe die erkenning dat alle oortuigings wat uitdrukking vind in taal, geloofwaardigheid verkry in terme van 'n bepaalde verwysingsraamwerk. Binne hierdie raamwerk word konsepte gedeel wat meebring dat sienings van wat singewend is, geglo kan word. In kort, aansprake op waarheid geskied binne die verwysingsraamwerk van gedeelde konsepte en 'n gemeenskaplike konteks. Geloofwaardigheid en oortuigingskrag van hierdie aansprake word dus so moontlik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 3. SOSIALE STAANPLEK

Die voorafgaande uiteensetting oor die sosiale kondisionering van kennis, bring my uit by 'n baie spesifieke staanplek – nie net my staanplek nie, maar ook dié van enige interpreteerder of objek wat ondersoek word. Enige navorsing vereis van die begin af van navorsers dat hulle hulle persoonlike en sosiale staanplek eerlik sal oorweeg, asook die invloed wat hulle navorsing mag hê op belange, vooronderstellings, voorverstaan, teorieë en metodes, en ook op die doelstellings van die navorsing. Om hieraan uitvoering te kan gee vereis dat die denkweg aan die hand waarvan die ondersoek gedoen word, ruimte moet bied vir die opheldering oor die onderskeie staanplekke waarna ek hierbo verwys het. Wat ek hier in die oog het, is in die besonder die (subjektiewe) sosiale staanplek van die interpreteerder en die (objektiewe) sosiale staanplek van dit wat aan analise onderwerp gaan word.

### 3.1 Waarheidsopvatting

Dit is duidelik dat daar 'n verandering in die basiese konsep "waarheid" plaasgevind het. Die mees gangbare opvatting van "waarheid" is dat 'n saak weergegee word soos wat dit is. In die Rapport van die Gereformeerde Kerken Nederland (1981:10-13) oor die gesag van die Bybel is daar deurdringend ingegaan op hierdie verandering in die waarheidsbeskouing. Om te sê dat die "waarheid" die weergawe van die saak is soos wat dit is, kom byvoorbeeld neer op 'n uitspraak soos "daardie skildery hang skeef", en dat iemand opkyk en sê: "Ja, ek sien dit ook so: wat jy sê is waar." Dit kom daarop neer dat waarheid gesien word as in ooreenstemming met die mens se voorstelling van die saak op sigself. In die Middeleeue was dit die gangbare waarheidsbeskouing. Die mens se voorstelling en denke word geag as die "ware" (dikwels uitgedruk met die woord "suiwer") weerspieëling van die wêreld rondom die mens. Dit word met die begrip "objektiewe waarheid" weergegee. "Waar" is dan om dinge so te sê dat hulle op sigself waar is. Daar word enersyds uitgegaan van 'n "objektiewe" stand van sake en andersyds van die moontlikheid dat die menslike bewussyn hierdie sake so kan weergee. Hierin is 'n mens ontvangend en passief. Hierdie opvatting van "waarheid" is nie beperk tot 'n bepaalde godsdiens, teologie of filosofie nie. Die oënskynlike voordeel van hierdie opvatting is die besef dat, om "die" waarheid te praat, 'n mens 'n norm van buite af moet



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

erken. Waarheid is dan nie sommer "willekeurig" nie. Die nadeel is baie duidelik dat 'n mens in hierdie opvatting baie passief is. Dit ontken die hele inspanning, ondersoek, worsteling wat nodig is om die "waarheid" te kan verwoord. Kortom, dit ontken die sosiale kondisionering van kennis.

Daar is egter ook die teenoorstaande opvatting van waarheid moontlik: die mens moet self die waarheid voortbring en produseer. Dit vra moeisame arbeid. Dit is slegs die mens (in teenstelling met diere) wat so iets ken soos die rede, redenering en simbole – kortom, kultuur wat in godsdiens, kuns, wetenskap, daaglikse omgang na vore kom. Dit het alles met "waarheid" te maak. Sonder die menslike gees, menslike aktiwiteit is daar geen waarheid nie. Hierdie tweede opvatting kan beskryf word as die "subjektiewe waarheidsbegrip". Waarheid word hier nie in die stand van sake (objektief) gevind nie, maar in die werksaamheid van 'n mens (subjektief). Hierdie opvatting word ook in uiteenlopende kringe aangetref, onder andere in die filosofiese strominge van die idealisme, eksistensialisme en in vorme van die liberale teologie. Die oënskynlike voordeel van hierdie opvatting is dat "waarheid" nie 'n ding of 'n objek is wat voorhande lê om opgeraap te word nie, maar dat dit iets is wat slegs moeisaam aan die lig gebring kan word. Waarheid verg die inset van 'n mens. Dit is dus nie alleen sintuiglike waarneming of slegs verstandelike kennisname nie. Die nadeel lê in die gevaar dat mense meen dat die waarheid slegs deur 'n mens voortgebring kan word. Dan dreig die gevaar dat die waarheid subjektiwisties word.

### 3.2 Wêreldbeeld en waarneming

Die verskuiwings in wetenskapopvattings en wêreldbeeld het egter 'n ander moontlikheid na vore gebring. Die oortuiging het al meer veld gewen, selfs in die natuurwetenskappe, dat die natuur waarmee ons in aanraking kom, nie maar net die werklikheid spieël nie. Fenomene in die natuur word met behulp van ingewikkelde instrumente, modelle en formules aan die orde gestel. Net soveel van menslike dinkarbeid kom in die spel as die waarneming van die wêreld rondom. Mense het al hoe meer begin besef dat die beskouings en opvattings van mense die dinge kleur en dat waarnemers iets anders is as gladde, neutrale spieëls asof hulle deur niks anders in beweging gebring is as die waargenome voorwerpe nie. Eie voorkeur en persoonlike visies, onder andere, speel ook



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n groot rol in die beskrywing van "die werklikheid". Hierdie ander moontlikheid moet baie deeglik rekening hou met die veranderings in waarheidsopvatting. Die waarheid sou dus moes bestaan uit twee dele, naamlik die objektiewe buite die mens (die waarheid as rigsnoer) en die subjektiewe in die mens (die waarheid as worsteling en inset van die mens). Maar so 'n optelsom is heeltemal te eenvoudig en gaan eintlik maar nog uit van die ou teenstelling objektief teenoor subjektief.

Waarheid is nie sonder meer iets buite die mens nie, maar ook nie slegs inspanning van die mens nie en nog minder 'n optelsom van die twee. Die waarheid word slegs binne 'n relasie, binne die betrokkenheid van die mens op iets anders geken. Die rapport *God met ons* (1981:6, 12 ) gebruik 'n sprekende voorbeeld van die skat in die akker om dit tot uitdrukking te bring. "Een verborgen schat is nog geen rijkdom (objectief waarheidsbegrip). Het eindeloos menselijk zoeken en spitten is ook de schat niet (subjectief waarheidsbegrip). Het gaat om het vinden van wat verborgen lag. Die 'twee in één'. In deze relatie – die een gave is – ligt de sleutel naar de waarheid ...." Die soeke na die waarheid veronderstel die interaksie tussen subjek (interpreteerder) en objek (geïnterpreteerde). Beide hierdie posisies het hulle eie sosiale staanplek.

### 3.3 Elemente van sosiale staanplek

*Sosiale staanplek* is die beskrywing van 'n baie wydlopende saak wat van die volgende kan insluit: al die faktore wat 'n persoon of groep kan beïnvloed, hulle sosialisering, ervarings, persepsies, raamwerke van rasionaliteit en werklikheidsbeskouings. Dit behels die volgende faktore: geslag, ouderdom, etniese agtergrond, klas, status, rolle, beroep, nasionaliteit, groepinskakeling, politieke en godsdienstige affiliasies, taal en kultuur, en les bes die staanplek in ruimte en tyd. Wat hier veronderstel word, is 'n sensitiwiteit vir sulke faktore wat 'n invloed kan uitoefen en wat kan veroorsaak dat dinge *verskillend kan lyk* en *andersoortige betekenis* kan kry vir mense van verskillende geslagte, etniese agtergronde, klasse en kulture. Mense se sosiale staanplek dra by tot die sensitiwiteit of onsensitiwiteit vir nuanses in 'n teks wat meesal net geïmpliseer word, of in elk geval selde volledig uitgespel word. Dit is die rede waarom sekere aspekte in 'n teks op 'n bepaalde tyd en in 'n spesifieke ruimte nie altyd "raakgelees" word nie, en ander kere weer wel.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.4 Interdissiplinêre skakeling

Uiteraard is dit nie nuwe insigte nie, omdat daar nog altyd gesê is dat lesers bewus moet wees van die afstand tussen hulle en die konteks van antieke tekste. Dit was egter nog nooit so omvattend en ingrypend ingesien as in die Bybelwetenskap sedert die tagtigerjare nie. Dit is die periode wat veral gekenmerk word deur die interdissiplinêre beoefening van eksegese en teologie. Vroeër het die historiese kritiek in die kritiese Bybelwetenskap oorheers. Die historiese benadering tot eksegese en teologie is deesdae 'n multidissiplinêre aktiwiteit wat kritiese teksteorieë in verband bring met die sosiale konteks waarin die tekste ontstaan het en van waaruit dit geïnterpreteer word. Hierdie komplementêre bedryf word die sosiaal-wetenskaplike kritiek genoem. In sy boek, *What is social scientific criticism*, beskryf Elliott (1993:7) dit soos volg:

> As a component of the historical-critical method of exegesis, social-scientific criticism investigates Biblical texts as meaningful configurations of language intended to communicate between composers and audiences. In this process it studies (1) not only the social aspects of the form and content of texts, but also the conditioning factors and intended consequences of the communication process; (2) the correlation of the text's linguistic, literary, theological (ideological), and social dimensions; and (3) the manner in which this textual communication was both a reflection of and a response to a specific social and cultural context – that is, how it was designed to serve as an effective vehicle of social interaction and an instrument of social as well as literary and theological consequence.

### 3.4 "Emics" en "etics"

Die sosiaal-wetenskaplike kritiek het eksegete van antieke tekste opnuut bewus gemaak van die noodsaak om sensitief te wees vir die omvattende en ingrypende sosiale en kulturele kodes waarvolgens die *boorlinge* (gesien vanuit die "natives' point of view") betekenis met mekaar gekommunikeer het. Sodoende kan die vangplekke van anakronistiese interpretasies van antieke tekste vermy word. Enige teksinterpretasie se vertrekpunt is die teks soos dit voor die eksegeet lê. Hierdie teks is die produk van die kommunikasie van "boorlinge" (die aanvanklike interpretasie vir die histories bedoelde lesers).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Interpretasie geskied egter nie vanuit die perspektief van die "boorlinge" nie, maar vanuit dié van die interpreteerder. Die erns maak met die "aanvanklike kommunikasie" is die poging van die interpreteerder om bepaalde verskynsels (soos waargeneem, oorvertel en verduidelik ooreenkomstig die ervaring, volksoorlewering, konseptuele kategorieë, bewysvoering en redenering van die inheemse vertellers) vanuit hulle historiese, sosiale en kulturele staanplekke te verstaan. Hierdie verskynsels word geïnterpreteer in terme van die verwysingsraamwerk, kenteorie, model en metode(s) van die wetenskaplike wat in tyd en ruimte van die "boorlinge" verwyder is. Hierdie onderskeid tussen die latere wetenskaplike interpretasie en die aanvanklike "inheemse" kommunikasie is een van die insigte wat die gebruikmaking van die kulturele antropologie vir die Bybelwetenskap gebied het. Hierdie insig maak ook die Bybelwetenskaplike bedag op die hermeneutiese dwaling wat etnosentrisme kan inhou. Hierdie dwaling hou verband met die gevaar dat die kulturele konteks van die *interpreteerder* met dié van die "boorlinge" verwar word.

Daar behoort altyd in gedagte gehou te word dat kulture nie volledig met mekaar oorvleuel nie. So 'n onderskeiding gee erkenning aan die feit dat mense van verskillende kulture verskillende wyses het om die "werklikheid" te konstrueer, te beskryf en te verduidelik volgens eie ervaring. Hierdie erkenning impliseer dat spesifieke groepe met 'n gedeelde kennisraamwerk en sosiale staanplek hulle ervaring binne daardie raamwerke beskryf en dat die een nie noodwendig meer geldig is as 'n ander nie. Ook is die antieke wêreld se belewing en beskrywing nie meer of minder geldig as moderne konstrukte daarvan nie. So, byvoorbeeld, behoort die moderne wetenskaplike nie met hovaardigheid die mitiese wêreldbeeld van sogenaamde "primitiewe" mense totaal irrelevant te ag nie. In hierdie opsig is dit belangrik om te let op die verskil tussen David Friedrich Strauss (1808-1874) se benadering en dié van Rudolf Bultmann (1884-1976) (kyk Colin Brown 1985:204). Strauss se hermeneutiek het daarop neergekom om die mites in die Nuwe Testament te elimineer, sodat hy primitiewe bygeloof aan die kaak kan stel (kyk Van Aarde 1994:357). Bultmann het gevra na die bedoeling *agter* die mite, sodat die kerklike kerugma met eksistensiële krag die moderne mens kan aanspreek.

> Negativ ist die Entmythologisierung daher Kritik am Weltbild des Mythos, sofern dieses die eigentliche Intention des Mythos verbirgt. Positiv is die Entmythologisierung die existentiale Interpretation, indem sie die Intention



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> des Mythos deutlich machen will, eben seine Absicht, von der Existenz des Menschen zu reden
>
> (Bultmann 1965:184)

Bultmann se *ontmitologiseringprogram* is met ander woorde nie 'n hermeneu-tiek wat van hovaardigheid spreek nie. Dit is 'n interpretasiewyse wat eerder die intensie wat agter "boorlinge" se kennisraamwerk is, vir die moderne mens relevant maak.

Hiervan is die beskrywing van siekte 'n sprekende voorbeeld (kyk Pilch [1995] se artikel, "Insights and models from medical anthropology for understanding the healing activity of the historical Jesus"). In die wêreld van die Bybel word die oorsake van siekte (*illness*) meesal teruggevoer na demone of versteurde sosiale verhoudings. Daarteenoor word siekte (*disease*) in die wetenskaplike wêreldbeeld teruggevoer na bakterieë, infeksies, swak sanitasie of ander onhigiëniese toestande. Sensitiwiteit vir die siening van die boorlinge in die leefwêreld van die Bybel verskaf aan die interpreteerder 'n ander stel vrae wat oorweeg moet word wanneer verhale oor siekte in die antieke wêreld aangebied word. Watter persoonlike agent (mens of demoon) word verantwoordelik geag vir die toestand? Watter soort aanklagte word gemaak in die verhaal en teen wie? Watter pogings blyk uit die storie wat dui op sosiale diskriminasie of moontlike versoening? Wie het die mag om gesond te maak (die herstel van sosiale sowel as fisiese wantoestande) en hoe word dit gedoen (vgl die verhale in Matt 12:22-30; Mark 3:22-27; Luk 11:14-23; Joh 9)? Op grond van hierdie onderskeiding tussen die mitiese en wetenskaplike wêreldbeeld verskuif die klem vanaf 'n neersien op die "primitiewe" en "oningeligte" sienings van die boorlinge na die wesenlike vraag, naamlik hoe en hoekom die boorlinge hierdie verklarings aanvaarbaar en verstaanbaar gevind het. Watter raamwerke van kennis en vooronderstellings van die werklikheid dra daartoe by dat sowel die boorling se verduideliking as die interpreteerder se verklaring, lewensvatbaar is?

Hierdie proses fasiliteer kruiskulturele vergelyking. Die sosiaal-wetenskaplike verklaring van verskynsels geskied nie net op 'n abstrakte vlak nie, maar is ook noodwendigerwys veralgemenend van aard. (Vroeër, in 'n tipiese moderne kontinentale Bybelinterpretasie, is veralgemening dikwels as onwetenskaplik geag en is die analise



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die besondere en unieke as wetenskaplik legitiem beoordeel.) Dit baan die weg vir die historikus en die eksegeet om antieke tekste te ondersoek vir getuienis oor sulke dinge soos instellings, rolle, faksies en groepe, en sosiale stratifikasie. Instellings hou verband met die infrastruktuur van 'n samelewing. Hierdie strukture is spesifieke leefruimtes soos die huishouding, die politieke hiërargie en die ekonomie. Elkeen van hierdie leefruimtes verg mense wat spesifieke rolle speel of take vervul. In 'n Mediterreense konteks figureer hierdie rolspelers nie as individue nie, maar binne groepe en soms ook faksies. 'n Faksie verteenwoordig 'n groepsonderskeiding. Sowel die instellings as die mense is georden binne 'n bepaalde sosiale stratifikasie. Hierdie terme en begrippe mag self vreemd wees aan die taal en die konseptuele wêreld van die boorlinge en hulle geskrifte. Die gebruikmaking daarvan maak dit egter vir interpretasie moontlik om data in 'n wyer sosiale perspektief te plaas en innerlike verbindings te onderskei wat heel moontlik nie vir die boorlinge wat die inligting verskaf het, van enige belang was nie.

## 4. KOGNITIEWE ROETEKAART

Soos in enige wetenskaplike onderneming het die saak van teorie en modelle in eksegese baie belangrik geword. 'n Bewussyn hiervan help onder andere om verskille tussen die kontekste van antieke tekste en moderne lesers te verklaar. Dit dien ook die saak om die eiendomlike en die verhoudingsaspek van antieke sosiale en kulturele sisteme helderder te maak. Teorieë en modelle speel hierdie belangrike rol – of hulle as sodanig erken of uitgespel is al dan nie. Gewoonlik word daar in die wetenskapsteorie 'n onderskeid getref tussen paradigmas, teorieë, modelle en metodes (kyk Van Staden 1991:152-162; Elliott 1986:1-33). 'n Paradigma het betrekking op 'n visie van die werklikheid soos dit gemeenskaplik onder wetenskaplikes op 'n gegewe tyd aangetref word (kyk Kuhn [1962] 1970:182; Capra 1982:89; Antonites 1990:313-314). 'n Teorie funksioneer op 'n meer en 'n model op 'n minder abstrakte vlak. Teorie in hierdie opsig is 'n spesifieke visie van die werklikheid. Na aanleiding van die bepaalde teorie word waargenome data geselekteer en in terme van 'n spesifieke model van interpretasie beskryf, verduidelik en verklaar. 'n Metode is 'n teorie in praktyk. Dit is die weg waarlangs die beskrywing, verduideliking en verklaring geskied.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.1 Falsifikasie

'n Bewussyn van hierdie onderskeidings het die voordeel dat wetenskaplikes met mekaar oor die meriete van die saak kan debat voer en dat die resultate van die ondersoek gefalsifiseer kan word (vgl Meeks 1983:5). Die wetenskapskriterium "falsifikasie" is die produk van 'n nie-positivistiese wetenskapsbenadering. Dikwels word modelle, sonder dat dit altyd besef word, op 'n positivistiese wyse ingespan. Wanneer 'n voorafingenome teorie, model of metode die ondersoek determineer, is daar in die slagyster van positivistiese wetenskap getrap. Die beklemtoning van *falsifikasie* wil hierdie strik vermy. Wanneer die resultaat van 'n ondersoek nie die produk is van 'n bepaalde metode, model of teorie in ooreenstemming met 'n spesifieke visie van die werklikheid nie, boet die resultaat volgens hierdie kriterium in aan relevansie en dus aan wetenskaplikheid.

'n Mens bevind jou in 'n eindelose doolhof wanneer mense ná "wetenskaplike ondersoeke" aan die ander kant uitkom met groot uitsprake oor "die waarheid", maar daar is geen manier om hulle voetspore te kan naloop, hulle metodes te toets, hulle uitgangspunte te weeg om te probeer vasstel of hulle siening van "die waarheid" geldig of vals is nie. Dit is 'n feit dat teorieë en modelle reeds 'n rol speel by die seleksie van relevante data wat bestudeer moet word. Daarom is dit van belang dat konseptuele raamwerke (paradigmas), teorieë en modelle uitgespel moet word sodat die navorser en die lesers duidelikheid kan hê oor die aard van die betrokke ondersoek en watter kriteria vir evaluasie toepaslik sal wees. Vervolgens gee ek in die besonder aandag aan die konsep "model".

### 4.2 Modelle

Malina ([1981] 1993:231) definieer 'n model as "an abstract simplified representation of some real world object, event, or interaction constructed for the purpose of understanding, control, or prediction." Modelle is 'n deel van die menslike proses van waarneming en verstaan. Ek het reeds daarop gewys dat alle persepsie selektief, en sosiaal-antropologies en psigologies begrens is. Dit wil sê, die waarnemer is alreeds by sy of haar keuse van wat waargeneem word, bewustelik of onbewustelik beperk in die persepsie van die waargenome gegewens. Modelle bied die kognitiewe roetekaarte (*maps*) of lense waardeur ons waarneem, filter en organiseer aan die massa roumateriaal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat vir waarneming beskikbaar kom. In aansluiting by die boek van Thomas Carney (1975:38), *The shape of the past: Models and antiquity*, kan dit soos volg gestel word: Ons het nie 'n keuse om modelle te gebruik of nie te gebruik nie. Die enigste keuse wat ons het, is of ons hulle bewustelik gaan gebruik of nie. 'n Mens moet seker hier byvoeg of 'n mens dit aan die begin van die proses gaan uitspel of nie.

Daar is al duidelik aangetoon dat modelle hoofsaaklik in diens van twee soorte navorsingsdoelwitte bruikbaar is (kyk Riley 1963:14-15). Die een kategorie is wanneer die navorsing verkennend van aard is en in die ander geval wanneer dit daarop gemik is om bepaalde hipoteses te toets. Die verkennende (eksplorerende) ondersoek word gedoen wanneer daar gesoek word na addisionele inligting om 'n toereikende model te kan ontwikkel. Dit staan ook bekend as die "beskrywende benadering". 'n Mens vind hierdie benadering sterk by eksegete en historici wat hulle besig hou met "sosiale beskrywing" (kyk o a die werk van Meeks [1983] en Malherbe [1977] oor onderskeidelik die sosiale wêreld van Paulus en van die vroegste Christendom). Die fout moet egter nie gemaak word om te dink dat die sosiaal-beskrywende benadering meer "objektief" sou wees as die een van hipotesetoetsing nie. Dit is waar dat laasgenoemde meer met teoriekwessies belaai is. Albei stelle navorsingsdoelwitte kom voort uit konseptuele modelle wat teorievorming insluit. Wat wel gestel kan word, is dat hipotesetoetsing met eksplisiet gedefinieerde teorieë werk. In verkenning en sosiale beskrywing kan die model meer skeletagtig wees en die teorieë implisiet geartikuleerd. Wat die historiese ondersoek betref, soos byvoorbeeld dié na die Jesus van die geskiedenis, is daar 'n duidelike gevaar as daar nie eksplisiet en bewustelik aan teorievorming in die wetenskaplike proses aandag gegee word nie. Die gevaar is dat daar onder andere nie krities gevra word na watter bronne gebruik is, vanuit watter perspektief, in terme van watter model en volgens watter metode tot bepaalde resultate gekom is nie.

Wat in elk geval altyd onthou moet word, is dat modelle nie ontiese identiteite op sigself is nie. 'n Model is nie gelyk aan die werklikheid nie – dit is 'n simulering van die werklikheid vanuit 'n bepaalde perspektief. Dit het dus geen ontologiese status nie. Modelle is kognitiewe roetekaarte. Dit is nooit die terrein van ondersoek self nie, maar 'n gesimuleerde patroon van geselekteerde en prominente kenmerke van die terrein van ondersoek. Dit kan vergelyk word met 'n landkaart. Sosiale modelle is sulke kaarte wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sekere geselekteerde prominente kenmerke van die sosiale terrein organiseer en uitwys as tipiese sosiale gedrag of patrone. Hierdie gedrag of patrone is byvoorbeeld eetgewoontes, arbeidsgebruike, groeperings in families of fiktiewe familie, faksies en koalisies, koop- en verkoopgebruike, kommunikasie in mondelinge of skriftelike vorme en so meer. Deur byvoorbeeld eetgewoontes te bestudeer, kan 'n mens toegang kry tot 'n spesifieke sosiale wêreld (kyk bv Elliott 1991:102-108). Modelle skep daarom nie die inhoudelike getuienis nie. Hulle verskaf die dinkraamwerk om verhoudings en patrone in die sosiale interaksie raak te sien en sinvol te organiseer. Indien dit inhoudelike getuienis sou skep, sou dit, wat eetgewoontes betref, daarop neerkom dat die interpretasie gerig is om die eetgewoontes as sodanig te beskryf of te verklaar. Maar omdat dit nie die geval is nie, is die studie van eetgewoontes die sleutel om die werklikheid, interaksies van mense, hulle voorkeure of afkeure, te verken.

Konseptuele modelle het ook nie alleen hierdie kognitiewe waarde nie, hulle vervul ook 'n heuristiese funksie. Hulle dien as instrumente om dinge te ontdek, nuwe gesigspunte uit te toets en nuwe vrae te stel. Hulle spoor die ondersoeker aan om te soek na patrone, korrelasies en verbande tussen massas van data wat beskikbaar is. Dit help om die aard van die hiërargieë van 'n samelewing en die interaksie tussen mense raak te sien en te verstaan. Uiteindelik het hulle dus ook 'n funksie om sake te kan verduidelik in terme van sinvolle samehange.

In die geval van sosiale verskynsels kan samevattend gestel word dat modelle die kognitiewe kaarte bied waarvolgens gegewens waargeneem, gekategoriseer, en vergelyk kan word. Daardeur kan sosiale data onderskei word en die onderskeie elemente weer tot sintese gebring word. Algemene afleidings kan gemaak word oor die kenmerkende en herhalende aspekte daarvan. Vanselfsprekend sal die keuse van modelle (en metodes) bepaal word deur die aard van die objek (sosiale verskynsels) wat bestudeer, geanaliseer en verklaar word.

Malina (1982:229-242) het met die oog op die analise van die Bybel en die leefwêreld van die Bybel gestel dat ('n) model(le) aan die volgende ses vereistes behoort te voldoen:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- Dit behoort kruiskulturele vergelyking tussen die sosiale situasie van die interpreteerder en dié van die stof wat bestudeer word, te fasiliteer.
- Die vlak van abstraksie moet algemeen genoeg wees om ooreenkomste uit te lig waardeur vergelyking moontlik word.
- Dit behoort in te pas in 'n wyer sosio-linguïstiese raamwerk met die oog op die interpretasie van tekste.
- Dit moet ontwerp word op grond van ervarings wat so na as moontlik staan aan die empiriese gegewens van die leefwêreld van die Bybel.
- Die betekenisse wat hierdeur aan die lig kom, moet kultuur-spesifiek wees, met die moontlikheid dat dit as irrelevant kan oorkom, maar tog verstaanbaar ook vir moderne Westerlinge.
- Die kwaliteit van die model moet voldoen aan die standaard wat deur sosiaalwetenskaplike onderneming gestel word.

Wat dus hier geverg word, is dat navorsing wat bewustelik uitgaan van die sosiale kondisionering van kennis, die modelle, teorieë en metodes wat benut word, uitspel. Die wins is groter helderheid, toetsbaarheid, oortuigingskrag en navolgbaarheid. Natuurlik moet die gepaste en toepaslike model vir bepaalde gegewens gebruik word (vgl Elliott 1993:124-126).

## 5. ONTDEKKINGSLOGIKA

Die ondersoek na die historiese Jesus behoort daarom die feit in ag te neem dat die ondersoeker sowel as die data rondom Jesus wat ondersoek word, sosiaal gekondisioneer is. Die werkwyse wat in hierdie ondersoek geld, was dikwels in die verlede óf deduktief óf induktief van aard. Myns insiens behoort hierdie ondersoek nóg uitsluitlik deduktief nóg uitsluitlik induktief te wees. Beide hierdie werkwyses spruit voort uit die logiese positivisme. Wat wetenskaplik problematies van die logiese positivisme is, is die feit dat die eindresultaat aan determinisme onderwerp is. In die deduktiewe werkwyse begin die ondersoeker by 'n model en by die induktiewe benadering by 'n hipotese. Wat eersgenoemde betref, word die data wat ondersoek word, geanaliseer, beskryf en verklaar in terme van 'n vooraf ontwerpte model. In die geval van die induktiewe werkwyse word



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die ondersoek gedoen in terme van 'n vooraf gekose hipotese. Wanneer hierdie twee werkwyses op die historiese Jesus-vraag toegepas word, kan dit aanleiding gee tot 'n besondere nadeel. En dit is dat, hoewel die ondersoek van 'n bepaalde *ontdekkingslogika* getuig, die vraag na die relevansie van die eindresultaat nie noodwendig in fokus geplaas is nie.

### 5.1 Deduktiewe benadering

'n Deduktiewe werkwyse in die historiese Jesus-vraag kan geïllustreer word met behulp van die volgende voorbeeld. Wanneer 'n ondersoeker 'n (konseptuele) model van 'n profeet-tipe (kyk bv Wright 1996:167) in die leefwêreld van die Bybel ontwerp en dan die data rondom Jesus in die ter sake dokumente slegs in terme van hierdie model analiseer, beskryf en verklaar, kan ander belangrike aspekte in Jesus se lewe moontlik verbygegaan word. Die ondersoek sal geneig wees om hierdie data te rangskik alleen in terme van die eskatologie. Sake soos die onderskeid tussen hierdie-wêreldse en daardie-wêreldse bedeling, die vernietiging van die een en die oorgaan in die ander by wyse van katastrofes en die vindikering van "regverdiges" sal sentraal staan. Ook sal die apokaliptikus se beklemtoning van 'n martelaarsdood ter wille van 'n Goddelike intervensie om "regverdiges" by hierdie katastrofale oorgang te red en die "goddeloses" in die katastrofe tot niet te laat gaan, 'n besondere plek kry (kyk Collins 1985:105 m b t die martelaarskap van Taxo en sy seuns in die *Testamentum Mosis* 9:5-7). Wat die historiese Jesus-ondersoek betref, lei so 'n vooraf ontwerpte profeet-tipe model daartoe dat die hele lewe van Jesus (sy woorde en dade) slegs verklaar word om sin te maak in terme van sy dood (kyk bv die standpunt van Sanders [1993] en Horsley [1994:395-422] se bespreking van verskeie historiese Jesus-navorsers se verstaan van Jesus se lewe in die lig van sy dood). Die nadeel is dat ander belangrike fasette van sy lewe, soos byvoorbeeld sy aansluiting by die wysheidstradisie deur middel van gelykenisse, nie die aandag kry wat dit verdien nie. Die resultate van die ondersoek gee dus blyke van determinisme.

### 5.2 Induktiewe benadering

'n Induktiewe benadering probeer weliswaar om hierdie determinisme te ontsnap. In plaas van om by 'n voorafingenome model te begin, word beweer dat daar by die data



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

begin word. 'n Leemte in bestaande navorsing word geïdentifiseer, 'n hipotese op grond hiervan geformuleer en die data in terme van die hipotese geanaliseer, beskryf en verklaar. 'n Voorbeeld van so 'n werkwyse kan wees dat 'n ondersoeker tot 'n konklusie kan kom dat Nuwe-Testamentici in die navorsing van Jesus se woorde en dade en die vroegste Christene se interpretasies daarvan, alleen gefokus het op die funksionaliteit van Jesus se optredes. Dit kan byvoorbeeld as 'n leemte ervaar word dat die Godsvraag in Jesus se boodskap nie genoegsaam aandag kry nie. 'n Hipotese kan op grond hiervan geformuleer word dat Jesus se verhouding met God eerder getuig van statiese synsrelasies as van die funksionaliteit agter 'n vader-seun verhouding. So 'n hipotese kan ook die ondersoek in 'n bepaalde rigting determineer. Ook hier is die probleem dat die ondersoeker nie bewustelik en krities die vraag gevra het na die relevansie van die ondersoek van Jesus vir die kerk en samelewing in die tyd waarin die ondersoeker hom of haar bevind nie.

## 5.3 Abduksie

Myns insiens behoort hierdie twee werkwyses (deduktief en induktief) nie 'n óf-óf aangeleentheid te wees nie, maar 'n én-én saak. Die vraag sou wees watter verskil daar in die ondersoekbenadering en -resultaat sou wees indien beide benaderings gevolg word. 'n Werkwyse wat beide hierdie prosesse in 'n model sal insluit, staan bekend as "abduksie" (kyk Elliott 1993:48). Hierdie proses word ook genoem "retroduksie" en behels 'n heen-en-weer beweging van uitklaring van suggesties. Dit is 'n proses in die *ontdekkingslogika* waar 'n mens werk van getuienis na hipotese. Dit is 'n werkwyse wat volgens die werk van Claude Pierce (1955), *Conscience in the New Testament: A study of syneidesis in the New Testament*, uitgaan van die aanname dat kennis nie slegs van ondervinding afgelei word nie. Trouens, elke stukkie "wetenskap" berus op 'n aanname of gissing wat deur ervaring beïnvloed word (Elliott 1993:48). Hierdie soort wetenskaplike verklaring ("abduksie") word dan gebruik om 'n verduidelikende hipotese met die waargenome feite te staaf of as hoogs waarskynlik te beredeneer. Om dit te bereik, kan daar dikwels vereis word om met werklikhede te werk wat nie eksplisiet deur analitiese gegewens gelewer word nie, en wat ook dikwels nie voorhande aangebied word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Sodanige gegewens kan iets wees soos die gangbare tydsbeskouing van die mense in die Mediterreense wêreld. Wanneer hierdie aspek verreken word, sal daar in die historiese Jesus-ondersoek byvoorbeeld nie oor 'n dualistiese, apokaliptiese wêreldbeeld gedink word vanuit 'n moderne Westerse tydsbeskouing nie (kyk bv die bespreking deur Malina [1989] 1996:179-214). Wanneer dit gedoen word, hoef eskatologie nie net verstaan te word in die sin van dat die empiriese wêreld in 'n stadium in die *toekoms* in 'n hemelse getransformeer word nie. In terme van die apokalipties mitologiese wêreldbeeld is geglo dat God *reeds in die hede* die ongelukkige verloop van sake in hierdie wêreld kan verander ter wille van die voordeel van gelowiges, indien 'n martelaar ter wille van sy of haar geloof sterf (vgl Collins 1985:105). Die teenswoordige dood van 'n martelaar het dus "eskatologiese" implikasies.

'n Aspek soos gebed in die ervaringswêreld van die Mediterreense mens in die *hede* het ook eskatologiese implikasies. Net soos die dood van 'n martelaar die einde van die lewe van 'n mens beteken, skort gebed die wêreld van 'n mens in die hede op deurdat die "hemelse" (nie op 'n futuristiese wyse nie) reeds *nou 'n* "aardse" werklikheid word (vgl Malina 1996:191). Woorde wat in gebede uitgespreek word, het dikwels wysheidskonnotasies. So hoef die wysheidstradisie nie noodwendig gesien te word as die alternatief op die apokaliptiek nie. 'n Model wat bewustelik die waarde-sisteme en kodes van die Mediterreense wêreld van daardie tyd in ag neem (kyk Malina 1996:181; 1991:25-50), kan help om so 'n impasse in bestaande Jesus-navorsing te oorbrug.

Die oënskynlike voordeel van hierdie ondersoekproses is dat dit die ondersoeker na die historiese Jesus laat fokus op die kultuur van die tradisionele mense van die Mediterreense gebied. Die kultuur verskaf die data wat as hulp dien vir die interpretasie van onder andere die Nuwe Testament. Dit gaan dus om die inagneming van die leefwêreld van 'n besondere geografiese gebied. Temporeel gesien is dit vir die ondersoeker van belang om die waardesisteme en kodes van die mense van daardie tyd en wêreld te bestudeer en nie die data op 'n deterministiese wyse te onderwerp aan die kreatiewe denke en verbeeldingsvlugte van 'n moderne historikus nie. Hierdie modus van redenering stel die ondersoeker in staat om nie net anakronisme te voorkom nie, maar ook om leesscenarios te konstrueer wat 'n histories-sensitiewe lees van antieke dokumente kan fasiliteer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierbo het ek my krities uitgespreek oor die moontlikheid dat ook die abduksie benaderingswyse bepaalde tekortkomings kan hê. Selfs wanneer 'n mens 'n model ontwerp wat die sosiale en kulturele kodes van die leefwêreld van die Mediterreense gebied in ag neem, kan die ondersoeker verlei word om 'n hipotese te formuleer wat nie 'n relevante vraagstelling bevat nie. Sosiaal-wetenskaplike studies van die *historiese* Jesus kan byvoorbeeld die perspektief "Jesus van die kant" só oorbeklemtoon, dat die vraagstelling rakende die relevansie van *historiese* Jesus-studies vir die *teologie* totaal irrelevant raak.

## 6. TYDRAAMWERK

Net soos die historiese kritiek bewustelik daarvan uitgaan dat antieke dokumente in hulle toepaslike tydraamwerk geplaas moet word en van daaruit ondersoek moet word, sal die ondersoeker na die historiese Jesus die ter sake tydraamwerk as betekenisvol beskou. Die feit dat die sosiale kondisionering van tekste in ag geneem word, behels dat die leefwêreld van die Bybel as 'n *pre-industriële* en *ontwikkelde agrariese gemeenskap* (kyk Elliott 1993:49), bewustelik verreken word.

Makrososioloë onderskei gewoonlik verskeie fases in die geskiedenis van die mensheid (kyk Lenski, Nolan & Lenski [1970] 1995:101-134, 135-174, 175-222, 239-271). Aanvanklik was die samelewing georganiseer in 'n jagters- en plantversamelingsgemeenskap. Van hier af uit ontwikkel die mens 'n landboukultuur. Die landboukultuur is vervang met die industriële periode sedert die sewentiende eeu. Die landboufase verdeel onderling in twee periodes. Die tyd voor die sesde eeu voor Christus staan bekend as die simplistiese agrariese periode. Die tyd daarna (d w s tydens die periode toe die grootste deel van die Ou Testament en die volledige Nuwe Testament geskryf is) staan bekend as die ontwikkelde agrariese periode. Hierdie periode is ingelui deur veral die gebruikmaking van die ploeg (as gevolg van die ontdekking van die wiel) (kyk Lenski, Nolan & Lenski 1995:175-222). Dit was 'n omwenteling wat verreikende gevolge vir die organisasie van die samelewing gehad het. Onder andere het samelewings ontwikkel in groot politieke entiteite as gevolg van die saamgroepering van 'n groter aantal uitgebreide families en *clans*, omdat meer kos so geproduseer kon word



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(kyk Stegemann & Stegemann 1995:45-47). Vanweë die geografiese aard van die Mediterreense gebied is die terrein wat vir landbou aangewend kan word, baie beperk. Die groot politieke moondhede het gesentreer rondom hierdie vrugbare gebiede. Die geopolitiese samestelling van die samelewings het veroorsaak dat daar vanaf die topvlak (familiale koningshuise) van die samelewing tot op die grondvlak (huishoudings van die landvolk) 'n sterk kompeterende ingesteldheid was. Hierdie agonistiese aard, tesame met die hiërargiese struktuur van die samelewing (kyk Fiensy 1991:158), was die teelaarde vir die moontlikheid tot eksploitasie en manipulasie (kyk Sjoberg 1960:110). Tydens die ontwikkelde agrariese periode is hierdie hegemonie veral versterk deur die munt van geld en die kodifikasie van gedragsreëls in religieuse geskrifte (kyk Van Aarde 1993:948). Die munt van geld (wat ruilhandel vervang het) het regeerders op die hoër vlak van die hiërargie in staat gestel om die landvolk, selfs dié behorende tot ander verowerde groepe, oor 'n afstand te beheer. Grond is onteien, kleinboere het verarm en skuldbriewe het vermeerder. Nie net die soldate het in hierdie tyd die struktuur help in stand hou nie, maar veral ook die priesters (kyk Sjoberg 1976:586-587; Smallwood 1962:27; Horsley 1986:23-55; Fiensy 1991:51).

Die ontwikkelde agrariese periode word onder andere gekenmerk deur die opkoms van tempelstate. Die tempel in Jerusalem was hiervan 'n besondere voorbeeld. Die offerstelsel was die ekonomiese keerkant van 'n religieuse gebruik. Tempels het ook voorsiening gemaak vir graanskure, met die veronderstelling dat die redistribusie van kos van hieruit na die arm deel van die bevolking moes geskied. In die tyd van die historiese Jesus, soos gesien kan word in die getuienis in veral Josefus, het die tempel egter bekend geword om ook, naas dié in Sefforis en Tiberias (kyk Brunt 1977:149-153; Fiensy 1991:144-145) as argief te dien waar die skuldbriewe van 'n verarmde volk bewaar is. Distribusie het opwaarts plaasgevind omdat die regeerders op die trappe van die hiërargie meer geword het. Die "opperheerser" het hom in Rome bevind. Die tydraamwerk waarbinne die historiese Jesus opgetree het, was dus 'n neerdrukkende periode. Selfs die "heilige skrifte" was instrumente om die voordeel van sekeres en die uitbuiting van ander te legitimeer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 6. GEVOLGTREKKING

Bogenoemde illustreer ten oorvloede dat die tekste van die Nuwe Testament gelees moet word as enkodering van die kulturele waardes en kodes wat tipies sou wees van daardie wêreld in daardie tydraamwerk (kyk vir 'n uitgebreide lys van werke hieroor in Elliott 1993:162-174). Die sosio-historiese navorsing werk met die vooronderstelling dat, naas historiese en argeologiese studies oor daardie tyd en wêreld, dit historiese, sosiologiese en antropologiese ondersoeke is wat toepaslike data verskaf om die wêreld van Jesus enigermate te kan rekonstrueer. Dit het beslis groot betekenis wanneer daar gepoog word om 'n *historiese Jesus* te konstrueer dat Hy ook verstaan sal word binne die parameters van sy tydraamwerk. Indien die profiele wat geteken word, nie hieraan voldoen nie, beantwoord dit nie aan die historiese of sosiaal-wetenskaplike vereistes vir eksegese nie. Dan word dit iets anders as historiese uitsprake

## Literatuurverwysings


Antonites, A J 1990. Paradigmaverandering, relativisme en rasionaliteit. *HTS* 46, 312-322.

Berger, P L & Luckmann, T 1967. *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge.* New York, NY: Doubleday.

Brown, C 1985. *Jesus in European Protestant thought 1778-1860.* Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Brunt, P A 1977. Josephus and social conflicts in Roman Judaea. *Klio* 59, 149-153.

Bultmann, R 1957. Ist voraussetzungslose Exegese möglich? *Theologische Zeitschrift* 13, 409-417.

— 1965. Zum Problem der Entmythologisierung, in Bartsch, H-W (Hrsg), *Kerygma und Mythos, II: Diskussionen und Stimmen zum Problem der Entmythologisierung*, 179-195. Hamburg-Bergstedt: Herbert Reich Evangelischer Verlag. (ThF2.)

Capra, F 1982. *The turning point: Signs, society and the rising culture.* London: Flamingo. (Fontana Paperbacks.)

Carney, T F 1975. *The shape of the past: Models and antiquity.* Lawrence, KS: Coronado Press.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Collins, J J 1985. The Testament (Assumption) of Moses, in De Jonge, M J (ed), *Outside the Old Testament.* London: Cambridge University Press. (Cambridge & Commentaries on Writings of the Jewish & Christian Works 200 BC to AD 200, 4.)

Elliott, J H 1986. Social-scientific criticism of the New Testament: More on methods and models. *Semeia* 35, 1-33.

— 1991. Household meals versus temple purity. *BTB* 21(3), 102-108.

— 1993. *What is social-scientific criticism?* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Fiensy, D A 1991. *The social history of Palestine in the Herodean period: The land is Mine.* Lewiston, NY: Edwin Mellen Press. (Studies in the Bible and Early Christianity.) (New Testament Tools and Studies.)

*God met ons: Over de aard van het Schriftgezag* 1981. Special Kerkinformatie, Nummer 113, Gereformeerde Kerken (Nederland). Utrecht: Tijl-Libertas.

Horsley, R A 1986. High priests and the politics of Roman Palestine. *Journal for the Study of Judaism* 17, 23-55.

— 1994. The death of Jesus, in Chilton, B & Evans, C A (eds), *Studying the historical Jesus: Evaluations of the state of current research*, 395-422. Leiden: E J Brill.

Kuhn, T S [1962] 1970. *The structure of scientific revolutions.* 2nd edition. Chicago, Ill: University of Chicago Press.

Lenski, G, Nolan, P & Lenski, J [1970] 1995. *Human societies: An introduction to macrosociology.* 7th edition. New York: McGraw-Hill.

Malina, B J 1982. The social sciences and Biblical interpretation. *Interpretation* 36(3), 229-242.

— [1989] 1996. Christ and time: Swiss or Mediterranean? in *The social world of Jesus and the gospels*, 179-214. London: Routledge.

Malherbe, A J 1977. *Social aspects of early Christianity.* Baton Rouge, IA:Louisiana State University Press.

Meeks, W A 1983. *The first urban Christians: The social world of the apostle Paul.* New Haven: Yale University Press.

Pierce, C A 1955. *Conscience in the New Testament: A study of syneidesis in the New Testament.* London: SCM. (Studies in Biblical Theology.)




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pilch, J J 1995. Insights and models from medical anthropology for understanding the healing activity of the historical Jesus. *HTS* 51, 314-337.

Riley, M W (ed) 1963. *Sociological research, Vol 1: Case approach.* New York, NY: Harcourt, Brace & World.

Sanders, E P 1993. *The historical figure of Jesus.* New York, NY: Allen Lane. (Penguin.)

Smallwood, E M 1962. High priests and politics in Roman Palestine. *Journal of Theological Studies* 13, 14-34.

Stegemann, E W & Stegemann, W 1995. *Urchristliche Sozialgeschichte: Die Anfänge im Judentum und die Christusgemeinden in der mediterranen Welt.* Stuttgart: Kohlhammer.

Van Aarde, A G 1993. Recent developments in South African Jesus research: From Willem Vorster to Andries van Aarde. *HTS* 49(4), 942-962.

— 1994. Kultuurimperialisme as hermeneutiese dilemma: Eerste-wêreldse en derde-wêreldse perspektiewe op Jesus as die Seun van God. *HTS* 50, 345-367.

Van Staden, P 1991. *Compassion – the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolic universe reflected in the ideology/theology of Luke.* Pretoria: University of Pretoria. (*HTS* Suppl 4.)

Wright, N T 1996. *Christian origins and the question of God, Vol 2: Jesus and the victory of God.* London: SPCK.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services